


# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 50    24 Oktober 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Westerse konsep?

Daar is al wyd gedebatteer oor die president se uitlating dat korrupsie net 'n Westerse konsep is en dat dit in Afrika (en skynbaar in die Ooste) nie 'n misdaad is nie. Die skokgolwe wat hierdie onthulling tot gevolg gehad het, gaan nog lank kommer-wekkende debatte ontketen. Die agtergrond tot President Zuma se uitlating moet in die Afrika kultuur gevind word. Prof. Jannie Rossouw, hoof van Wits se skool van ekonomiese- en sakewetenskappe verduidelik die saak so op

<http://www.netwerk24.com/stemme/2014-10-19-korrupsie-ni-net-n-westerse-konsep>

*"In 'n tradisionele stamverband, wat ooreenstemming toon met eeue gelede se Europese stelsel van hertogdomme, is 'n ander waardestelsel ter sprake. 'n Tradisionele stamhoof, net soos feodale landhere, het buitengewone magte en kan buitengewone voorregte toeken. In ruil vir die toekenning van voorregte is daar 'n baie beskrywende uitdrukking: "Pay your respects." Hierdie uitdrukking vertaal moeilik in Standaardafrikaans, maar is waarskynlik iets soos "eerbetoon". Die*

*beste vertaling wat ek nog gehoor het, was eenkeer in Kaapstad: "Jy moet jou respekke betaal." 'n Stamhoof kan magte oor 'n groot aantal sake binne stamverband uitoefen. 'n Lid van die stam sal die stamhoof besoek met 'n versoek om mielies naby die rivier te plant sodat dit maklik natgelei kan word. Die hoofman staan die versoek toe en ontvang in ruil 'n jong vers vir sy eie kudde. Die vraag is eenvoudig: Is hierdie 'n korrupte handeling met 'n omkoopgeskenk of bloot 'n voorbeeld van "betaal jou respekke"? Anders gestel: Word die stamhoof bloot op gepaste wyse vergoed vir 'n vergunning? Vir die stamhoof is die antwoord eenvoudig laasgenoemde omdat dit betreklik min voordeel inhou om stamhoof te wees as onderdane nie hul respekke betaal nie. Dit is deel van die stamhoof se inkomste en bloot 'n erkenning van en eerbetoon aan sy posisie." Tot sover die aanhaling.*

Hierdie verduideliking word dan gevolg met drie sinnetjies waarop net uitgebrei moet word: *Pres. Zuma is nie 'n stamhoof nie, maar die president van 'n moderne land met Westerse ontwikkelingswaardes. In hierdie omstandighede is daar nie plek vir die betaal van respekke aan die staatshoof*

*nie. Kontrakte is nie te koop deur inmenging van die staatshoof nie.*

Hierdie punt moet beklemtoon word. In die 21e eeu is daar geen twyfel dat ons nie kan terugbeweeg na vorige eras van ons bestaan nie. Ten goede of kwade leef ons as deel van 'n beskawing wat sterk Westerse invloede insluit. Dit is juis die Westerse invloede wat skynbaar dominant is in die RSA. Ons hoef maar net na die leefstyl en kleredrag van Zuma self te verwys om aan te dui dat hy verwesters het. Tog is dit juis ook Zuma wat vir ons wys hoe daar eklekties omgegaan kan word met kultuurgoedere. Sy rits gades en gepaardgaande kostes vir belastingbetalers is 'n duidelike voorbeeld.

Tog is dit nie onbillik om sekere eise aan hom te stel nie. In sy persoonlike lewe is dit sy keuse hoeveel van die Weste hy wil inbring. Hy is selfs welkom om gemaklik tussen die twee kulture te beweeg; indien dit sy voorkeur is.

Aan die ander kant is die president as staatshoof onder 'n verpligting om binne die publieke raamwerk te beweeg in die volvoering van sy taak. Die handves van menseregte en die grondwet is moderne westerse begrippe. Die land se politiek is volgens hierdie begrippe ingerig en belasting word gehef om hierdie konsepte konkreet tot uitdrukking te bring. Belastingbetalers se geld (op westerse wyse ingesamel) beteken immers dat daar (op westerse manier) verantwoording gedoen moet word.

Ons kan nie na willekeur tussen oud en nuut beweeg soos dit ons pas nie. Ons kan nie privaat en publiek vermeng op lukraak wyse nie. Indien Zuma wel sy nes wil veer op die Afrika-manier deur van gunste gebruik te maak, dan heeltemal op die

Afrika manier. Met destydse Afrika materiaal. Met destydse Afrika effektiwiteit en resultate. Nie met belastingbetalers se geld nie. Moet ons asseblief ook geen guns bewys nie, ons betaal genoeg.

### **Nuusbrokkies**

- Vrede vir die Rosestad. Oftewel: Vrede neem Bloemfontein op horings! Hervormde gemeente Vrede het baie entoesiasies die Jeug van die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein uitgedaag vir die Bybelvasvra op 19 Julie 2014. Di Van Zyl en Strauss het koppe bymekaar gesit en begin reël aan hierdie skakeling van die, op daardie stadium, enigste Bondsgemeentes in die Vrystaat. Ja, die gemeentes verbind Noord en Suid en omsluit op dié manier die hele provinsie! Heilbron het intussen bygekom en ons sien daarna uit om ook Heilbron en al die ander wat mag bykom DV 2015 op Vrede te ontvang.

- Vrede het die geleentheid benut om ook sommer die jeug en gemeentede na 'n paar bakens in die stad te neem.

- Ons het die Kultuurhistoriese Museum, Vroue Monument, Oorlogsmuseum en Tempe (danksy Joanie le Roux) besoek. Dankie aan elkeen wat die toer meegemaak het. Ons opregte dank aan die Hervormde Susters van Vrede en Vrede Hoërskool wat bygedra het om die besoek moontlik te maak. Baie dankie Bloemfontein vir die warm ontvangs, gasvryheid en die Susters van Bloemfontein vir ons opwindende kospakkies op die bus terug.

- Vrede is BAIE trots op ons Jeug wat vier spanne van Bloemfontein oortuigend in die Ringsbybelvasvra geklop het. Bowenal was dit voorwaar lekker om ons Hervormde bande binne die Ring van die Vrystaat te versterk. Wat 'n voorreg om deel van 'n Bondsgemeente van die Vrystaat te mag wees.

Ds Antoinette van Zyl  
Vrede



- LEWENSBROOD 2015/6. Plaas betyds u bestellings by u gemeente se saakgelastigde. Hierdie ideale Kersgeskenk gaan vining opgeraap word.
- Premiermyn se Kreatiewe Kuns en Kersmark vind plaas van 30 Oktober tot 1 November 2014. Kom loer gerus in en koop kwaliteit produkte vir u geliefdes.

#### Drukwerk

U word vriendelik daaraan herinner dat die poskantoor staking steeds aan die gang is. Daarmee saam gaan die drukkers ook toemaak vir Kersfees. Plaas derhalwe u bestellings vir konsistorieboeke en dies meer so gou moontlik. U word vriendelik versoek om duidelik te onderskei tussen drukwerk vir die gemeente en die LEWENSBROOD III. Kwitansieboeke, konsistorieboeke en andere wat u bestel

soos voorheen, moet aan die drukkers betaal moet word. LEWENSBROOD se gelde moet in die BOND se rekening inbetaal word. U moet net die bestelling (aantal) en die bewys van betaling aan Ella stuur wat maar net boekhou en kontroleer hoeveel bestellings geplaas is sodat daar volgens daardie getal LEWENSBROOD III gedruk kan word. Ella sal ook vanaf volgende week (as ons 'n faktuurboek gedruk het) namens die Bond fakture uitreik aan die gemeentes/individue en dit aan hulle voorsien.

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

#### BANKBESONDERHEDE:

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)  
 ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika  
 Rekeningnommer: 6243 092 3088  
 Takkode: 250 655

#### Belangrike skakels om te gebruik:

##### Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondsprekante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

##### SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Stuur u gemeente se kennisgewings en nuusbrokkies na  
[j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir opname in die volgende Koersvas.



# Lewensbrood 2015 Bestellings

**Prys: R80**

**Keerdatum: 31 Oktober 2014**

**Kontant by bestelling.**

**Betaal asseblief in die Bond se rekening in.**

**Stuur bewys van betaling saam met  
bestellings aan Ella**

**Epos: [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)**

**Enige gemeente wat meer as 30 bestellings  
plaas en betaal voor 31 Oktober kry  
R5 per boek afslag.**

**GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

**ENB** Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

**Rekeningnommer: 6243 092 3088**


**Takkode: 250 655**



**Cullinan**  
**Kreatiewe Kuns**  
**& Kersmark**  
**30 Okt - 1 Nov 2014**  
**H/V R515 en Zonderwaterweg**  
 vir meer inligting kontak  
 Alta: 082 682 1252 • altasmit18@gmail.com  
 Annetjie: 082 921 8200 • annetjie10@vodamail.co.za  
 Faks 086 543 7339

### FONDSINSAMELINGSPROJEK

**Vooruitbetaalde** bestellings **so spoedig moontlik**, voor **30 November 2014** te Pretoria afgehaal. **KOSTE: R30** per CD. **R50** indien beide **GENADE ALLEEN** en **SOLA GRATIA** (in een kassie) bestel word. Indien versending per koerier verlang word, sal die besteller verantwoordelik wees vir pos en verpakking. **BESTEL BY:** Ernie van der Westhuizen. **TEL:** (012) 335 6849. **SEL:** 082 853 2249. **E-POS:** [ernievdw@gmail.com](mailto:ernievdw@gmail.com)



#### CD1: SOLA GRATIA

1. O come all ye Faithful
2. Joy to the world
3. The first noël
4. Mary's boy child
5. The little drummer boy
6. O holy night
7. Silent night
8. Holy, holy, holy (with Annelize Viljoen)
9. I believe
10. The Lord's prayer
11. How great Thou art
12. Nearer my God to Thee
13. You'll never walk alone
14. Holy city
15. Amazing grace
16. Gloryland
17. I'll walk with God
18. God be with you 'till we meet again

#### CD2: GENADE ALLEEN

1. Kom alle getroues
2. Lofsing die Heer, buig voor Hom neer
3. Die vreugdelied wat engele sing
4. Stille nag
5. Die Heiland is gebore
6. O Heer my God
7. Onse Vader
8. Heilig, heilig, heilig (met Annelize Viljoen ter nagedagtenis aan Johan Viljoen)
9. Jerusalem
10. Nader my God by U
11. Genade onbeskryflik groot
12. God bly met jou tot ons weer ontmoet

Back trax: Bram Potgieter (021) 872-9183  
 Opname: César de Almeida (012) 804-4447  
 Art work: Suzette van der Westhuizen  
 Beskikbaar van: (012) 335-6849 / 082-853-2249  
[ernievdw@gmail.com](mailto:ernievdw@gmail.com)  
 Copyright reserved

